



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Institusionele Taalbeleid van die Noordwes-Universiteit

Verwysingsnommer	2P/2.5
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Institusionele Registrateur
Beleideienaar	Direkteur: Institusionele Taaldirektooraat
Verantwoordelike afdeling	Institusionele Taaldirektooraat
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur die	Raad
Datum van goedkeuring	23 November 2012
Wysigings	Hersien in 2012
Datum van wysigings	November 2012
Hersieningsdatum	2018
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels
Adres op die beleid-databasis	RB Share : 2P/2.5_Language Policy
Addenda	Taalplan en Implementasieraamwerk en voorgestelde prosedures vir die implementasie van sleutelaspekte van die beleid (URL: http://www.nwu.ac.za/webfm_send/14999)



Institusionele Taalbeleid vir die vestiging van 'n funksioneel meertalige omgewing by die NWU

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met 'n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie Taalbeleid en -plan op 23 November 2012 aanvaar om 'n billike en funksioneel meertalige omgewing oor alle sake-eenhede aan die Universiteit na te streef, te akkommodeer en te verskaf.

2 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die Noordwes-Universiteit om 'n konsekwente en konstruktiewe stel riglyne in ooreenstemming met Artikel 3(2) van die NWU-Statuut te verskaf ten einde 'n taalbeleid en -plan te implementeer wat (i) buigsaam en funksioneel, (ii) wat die taalwanbalanse van die verlede regstel, (iii) wat meertaligheid onderskryf, en (iv) wat toegang, integrasie en 'n gevoel van tuiswees bevorder.

Hierdie beleid en plan spruit voort uit 'n uitgebreide konsultasieproses wat regoor die NWU gevolg is en wat ook 'n omvattende taaloudit behels het.

3 Beleidsdoelstellings

- 3.1 In breë trekke is die taalbeleid en -plan daarop gemik om 'n NWU-taalbestuuromgewing tot stand te bring waarin
 - i. die taalrealiteite by die verskillende kampusse voortdurend in ag geneem word vir praktiese implementeringsdoelwitte,
 - ii. sensitiwiteit word bewys jeens taalvoorkeure, -behoefte en -verwagtinge van individue en groepe wat belang het by die instelling,
 - iii. die taalbeleid en -plan belyn bly met die eise van die makro-omgewing waarbinne die instelling funksioneer,
 - iv. die streekstale wat op die NWU-kampusse gebesig word (Afrikaans, Setswana, Sesotho en Engels) as nasionale bates beskou word, en waar implementeerbare en meetbare bydraes gemaak word tot die gebruik van hierdie tale as tale van hoër onderwys.
- 3.2 Binne die parameters van die beginsel van funksionele meertaligheid, word Setswana, Engels en Afrikaans as ampelike tale van die NWU gebruik, en het Sesotho werktalstatus vir gebruik op die Vaaldriehoekskampus.

4 Oorkoepelende taalstrategie van die Noordwes-Universiteit

- 4.1 Die verbintenis van die NWU om 'n funksioneel meertalige taalbeleid te implementeer maak deel uit van sy pogings oor sy geskiktheid van en vir die doel na te dink, te herposisioneer en te hersien. Hierdie strewe is in ooreenstemming met die visie en missie van die Universiteit en bly nou gekoppel aan die voortdurende proses van institusionele beplanning van die NWU.
- 4.2 Die NWU erken die uitdagings wat verband hou met die voorsiening vir die taalbehoefte en verwagtinge van 'n meertalige samelewing en 'n meertalige universiteitsomgewing. In die lig hiervan, laat die taalbenadering van die instelling ruimte vir verskillende strategieë en modelle vir die implementering van funksionele meertaligheid binne so 'n oorkoepelende meertalige konteks.
- 4.3 Die Institusionele Taalbeleid vorm die agtergrond vir 'n deurlopende konsultatiewe proses waar die taalbeleidbeginsels en -stellings aan die hand van 'n institusionele taalimplementeringsplan

geoperasionaliseer word wat op gediversifiseerde en pasgemaakte maniere op verskillende vlakke van bedryf by die instelling bestuur word .

- 4.4 In ooreenstemming met beleidbestuursbeginsels sal die taalbeleid en-plan met tussenposes van vyf jaar hersien word. Die hersieningsproses moet deur middel van 'n behoorlike situasie-analise en 'n duidelike, eksterne en interne belyningsproses plaasvind .

5 Omskrywing van Funksionele Meertaligheid

- 5.1 **Funksionele** meertaligheid beteken dat die keuse vir die gebruik van 'n betrokke taal bepaal word deur die situasie/konteks waarin dit gebruik word. Veranderlikes soos die doel van die kommunikasie en vlakke van taalvaardigheid van die gespreksgenote speel 'n bepalende rol in die keuse van 'n bepaalde taalkode of taalkodes. Hierdie beginsel lei die besluit oor watter Suid-Afrikaanse tale deur die NWU as amptelike en werkstale gebruik word: sensitiwiteit word getoon vir die hoofstreekstale wat in die provinsies gebruik word waar kampusse van die instelling geleë is.
- 5.2 **Meertalig** verwys na die gebruik van twee of verkieslik meer tale (gemeenskapsmeertaligheid) en die vermoë om twee of verkieslik meer tale (individuele meertaligheid) te gebruik.

6 Beleidsgesag

Die volgende gevalle van wetgewing dien as leidende beginsels vir die taalbestuuronderneming by die Noordwes-Universiteit:

- Die Grondwet¹
- Witskrif op Hoër Onderwys²,
- Wet op Hoër Onderwys³,
- Goewermenskennisgewing oor die Hoëronderwyslandskap⁴,
- Nasionale Plan vir Hoër Onderwys⁵,
- Goewermenskennisgewing oor die Afrikatale⁶.

7 Korporatiewe bestuur, bestuur, en rolle en verantwoordelikhede

- 7.1 Terwyl die NWU se Raad en die Senaat 'n bestuursrol met betrekking tot die NWU se Institusionele Taalbeleid en -plan vervul, bly die Institusionele Bestuur (met die onderskeie kampus- en ander bestuurstrukture daarin) verantwoordelik vir die hulpbronne, koördinasie, implementering van die beleid oor alle besigheidseenhede van die Universiteit heen en vir die monitering daarvan.
- 7.2 Die Institusionele Taaldirekoraat tree as die institusionele fasiliterende struktuur op sodat die NWU taalbestuur op 'n pragmatiese, sistematiese en volhoubare manier kan doen, en sien toe dat daar billike voorsiening en koördinering van taalbeleidverwante sake oor alle besigheidseenhede van die Universiteit is.
- 7.3 Die taalombudsfunksie waar taalnavrae en -klagtes ingedien kan word, berus by die posisie van die Direkteur: Institusionele Taaldirekoraat.

8 Omvang van toepassing

Hierdie beleid en plan hou met die volgende domeine verband:

- Onderrig-Leer en Assessering
- Administratiewe en werksomgewing, en die linguistieklandskap
- Navorsing en Ontwikkeling
- Georganiseerde studente en taalsteun vir werkvoorbereiding

¹ Wet 108 van 1996

² Goewermenskennisgewing 1196 van 1997

³ Wet 101 (1997), Artikel 27(2)

⁴ Goewermenskennisgewing 855, 2002

⁵ Nasionale Plan vir Hoër Onderwys, 2001

⁶ Goewermenskennisgewing 35028, 10 Februarie 2012

- Taalverwerwing, taalverbetering en die kwaliteit van taalgebruik

9 Die domeine van die Institusionele Taalbeleid en verwante beleidbeginsels en - stellings

9.1 Onderrig-Leer en Assessering

9.1.1 Taalbeleidsbeginsels

- 9.1.1.1 Verbetering van toegang en sukses bly steeds die primêre uitgangspunt vir die taalbeleid vir onderrig-leer en assessering aan die NWU. Hierdie beginsel bepaal die manier waarop die NWU funksionele meertaligheid in die onderrig- en leeromgewing oor alle kampusse van die Universiteit implementeer.
- 9.1.1.2 Die NWU se taalbeleid vir onderrig maak voortdurend voorsiening vir die taaldemografie en taalvoorkeure van 'n bepaalde kampus binne 'n omgewing waar die taalregte van al die persone wat betrokke is, gerespekteer word.
- 9.1.1.3 Die volgende parameters baken die grense af van 'n taalbeleid vir onderrig waarvan op 'n buigsame en akkommoderende manier rekenskap gegee word in die taalplan vir onderrig:
- i. taalverspreiding en taalbehoefte by die onderskeie kampusse,
 - ii. verskillende nismarkte bedien deur die afleweringmodusse en/of onderrigprogramme, en
 - iii. infrastruktuurkapasiteit aan die NWU.

9.1.2 Taalbeleidstandpunte

- 9.1.2.1 Alhoewel Engels en Afrikaans as die primêre onderrigtale aan die NWU gebruik word, word doelbewuste pogings by elkeen van die NWU-kampusse aangewend om (i) Setswana en Sesotho vir onderrig-leerdoeleindes in te span; (ii) om die effektiwiteit daarvan te monitor en (iii) om jaarliks aan die IB verslag te doen oor die vordering en uitkoms van hierdie projekte.
- 9.1.2.2 Verskillende taalafleweringmodusse word op die verskillende kampusse gebruik om verbetering en fasilitering van toegang tot hoër onderwys te bewerkstellig. Hierdie metodes is: Enkelmediumonderrig, parallel- en dubbelmediumonderrig, asook opvoedkundige tolkdienste (OTD). (Let asseblief daarop dat die uitbreiding van OTD na meer onderrigprogramme plaasvind ooreenkomstig 'n ooreengekome stel standaarde en prosedures.) Kampusbesture word aangespoor om hul soeke na verskillende moontlikhede voort te sit ten einde meer optimale meertalige onderrig-leeromgewings te bewerkstellig, en om in dié verband met die Taaldirekoraat te skakel.
- 9.1.2.3 Die Taaldirekoraat dien as verslaggewings- en bemiddelingspunt vir die bestuur van taalnavrae of in gevalle waar taalregte na bewering geskend is, of vir die voorkoming van die skending van taalregte.
- 9.1.2.4 Dit bly steeds die verantwoordelikheid van die Taaldirekoraat en die onderskeie kampusbesture om die beginsels van die taalbeleid vir onderrig om te sit in lewensvatbare en meetbare aksiestappe, en om die implementering daarvan op volgehoue maniere te bewerkstellig en te monitor.

9.2 Tale vir administrasie, werk en die linguistieklandskap van die NWU

9.2.1 Taalbeleidsbeginsels

- 9.2.1.1 Die NWU aanvaar dat die diverse linguistieke realiteite op die uiteenlopende bedryfsvlakke van die instelling, asook sensitiviteit ten opsigte van die taalvoorkeure van interne en eksterne belanghebbers, rigtinggewend bly vir die manier waarop dit bepaal hoe sy amptelike tale aangewend sal word as werktale en administrasietale. Hierdie beginsel rig ook interne en eksterne kommunikasie aan die instelling, asook die manier waarop die taallandskap daar sal uitsien.
- 9.2.1.2 Die funksioneel meertalige benadering dien in dié opsig as riglynbeginsel.
- 9.2.1.3 Die vasstelling van taalkeuse vir interne en eksterne kommunikasie neem voortdurend die volgende faktore in aanmerking: die situasie/konteks van kommunikasie, die doel met die kommunikasie, en die taalbehoefte en die vlakke van taalvaardigheid van gespreksgenote.

9.2.2 Taalbeleidstandpunte

- 9.2.2.1 Die implementering van funksionele meertaligheid vir werk-, administratiewe en taallandskapdoeleindes vind op 'n sistematiese en doelgeoriënteerde wyse plaas. Deur middel van 'n raadplegende proses, en met nodige erkenning van die taalregte van belanghebbers, word deurlopend vir strategieë voorbrand gemaak en word strukture in plek geplaas ten einde funksionele meertaligheid so optimaal as moontlik binne die NWU-werkplek te implementeer.
- 9.2.2.2 Eksterne en korporatiewe kommunikasie geskied op 'n professionele manier in die amptelike tale van die NWU – Engels, Afrikaans en Setswana – en die keuse van kommunikasietaal word deurlopend bepaal deur die doel met die kommunikatiewe geleentheid, die taalbehoefte en die taalvaardigheid van gespreksgenote.

9.3 Navorsing en Ontwikkeling

9.3.1 Taalbeleidsbeginsels

- 9.3.1.1 Die NWU lewer kwaliteitnavorsingsuitsette wat internasionaal gelees en benut word; derhalwe word navorsers aangespoor om hul navorsingsresultate te publiseer in 'n taal of tale wat toeganklik is vir vakkundige eweknieë.
- 9.3.1.2 Die keuse van taal van publikasie berus by die navorser, terwyl veranderlikes soos die doel met die navorsingsverslag, die veronderstelde leserskring, asook die taalbedreweheid van die potensiële lesers in berekening gebring word wanneer dit kom by taalkeuse.
- 9.3.1.3 Die NWU bly steeds betrokke by die soeke na kreatiewe oplossings in 'n nasionale bydrae tot die intellektualisering van meertaligheid⁷.

⁷ "Intellektualisering van meertaligheid" verwys na 'n taalbeplanningsprogram waarvolgens die verskillende tale wat by die instelling gebruik word, nie alleen ontwikkel en geïmplementeer word om in die volledige akademiese domein gebruik te word nie (d.w.s. as tale vir administratiewe, onderrig- en navorsingsdoeleindes), maar in die besonder waar dit betrekking het op daardie maatreëls wat die vakkundige gebruik van die tale op so 'n manier sal verseker dat dit die akademiese selfrespek en waardes van die mense van Afrika ten goede sal kom.

9.3.2 Taalbeleidstandpunte

- 9.3.2.1 Die taalkeuse by navorsingsuitsette berus steeds by individuele navorsers en die beslissing word geneem en uitgevoer in oorleg met die betrokke navorsingsdirekteur.
- 9.3.2.2 Die Taaldirekoraat is aktief betrokke by aksienavorsing oor die wenslikheid en bereikbaarheid van die intellektualisering van meertaligheid. In hierdie poging is hy nou betrokke by die nasionale debat oor die aangeleentheid; hy werk ook op kampusvlak met kundiges saam oor hierdie kwessie, en doen gereeld aan die Institusionele Bestuur verslag oor die uitkomste van die deurlopende netwerking as deel van sy prestasieooreenkomsstelsel.
- 9.3.2.3 Volgens die beslissing van die Raad in November 2010 oor die georganiseerde en deurlopende betrokkenheid van die NWU by die intellektualisering van meertaligheid deur middel van die sogenaamde anker-kampusgedagte, beskou die NWU hierdie term primêr as 'n ontwikkelingsbegrip wat op 'n georganiseerde en organiese wyse ontwikkel moet word.

9.4 Georganiseerde studentelewe en taalsteun vir werkvoorbereiding

9.4.1 Taalbeleidsbeginsels

- 9.4.1.1 Die taaldiversiteit van studente aan die onderskeie kampusse van die NWU word beskou as 'n institusionele bate en as 'n onontbeerlike deel van bydra tot die vestiging van 'n inklusiewe en akkommoderende studenteomgewing.
- 9.4.1.2 Die NWU beskou die toerusting van studente met die nodige taalvaardighede om hulle in staat te stel om professionele loopbane te betree, as uiters belangrik.

9.4.2 Taalbeleidstandpunte

- 9.4.2.1 Die taalbeleid vir die georganiseerde studentelewe maak soos volg voorsiening vir hierdie diversiteit: binne die funksioneel meertalige omgewing maak die taalbeleid voorsiening vir die beskerming van die taalregte van studente, optimale toegang van studente om volle deelname aan die studentelewe vir hulle moontlik te maak, en sorg ook dat vertikale en horisontale kommunikasie op die onderskeie kampusse die taaldemografie en taalvoorkeure van die betrokke persone in aanmerking neem.
- 9.4.2.2 Geleenthede word geskep om studente op konstruktiewe maniere by te staan om hul professionele taalvaardighede te slyp en te verbeter.

9.5 Taalverwerwing, taalverbetering en die kwaliteit van taalgebruik

9.5.1 Taalbeleidsbeginsels

- 9.5.1.1 In 'n poging om die meertaligheidsvermoëns van die personeel en studente te versterk, is daar strukture oor die NWU as geheel wat ingestel is op die verbetering van individuele veeltaligheidsvaardighede binne die akademiese en administratiewe en studenteomgewings.
- 9.5.1.2 Die kwaliteit van taalgebruik – spreektaal en geskrewe taal – is vir die NWU belangrik, wat beteken dat 'n stel werkbare riglyne nodig is om die taalstandaarde wat op die Universiteit van toepassing is, te bepaal.

9.5.2 Taalbeleidstandpunte

- 9.5.2.1 Personeellede en studente word aangemoedig om hul meertaligheidsvaardighede te verbreed ten einde effektief in verskillende kontekste te funksioneer. Taalverwerwings- en taalverbeteringskursusse word by die verskillende kampusse van die NWU aangebied, en die personeel en studente word aangespoor om vir hierdie kursusse in te skryf. Frontliniepersoneel by alle dienspunte behoort meertalig te funksioneer.
- 9.5.2.2 Taalredigeer- en vertaaldienste word deur deur die Institusionele Taaldirekoraat aangebied. Hierdie dienste word ook deur sommige Skole vir Tale op kampusvlak gelewer. Personeellede word aangespoor om van hierdie dienste gebruik te maak. Die Institusionele Taaldirekoraat het die mandaat om die algehele kwaliteit van taalgebruik aan die NWU te monitor en te assesser, en om toepaslike prosedures te ontwikkel om toe te sien dat die kwaliteit van taalgebruik aan die NWU van 'n geskikte standaard is.

Dokument opgestel deur die Ad Hoc-Taalsenaattaakspan bestaande uit die volgende NWU-personeellede:

Institusionele Kantoor: Die Institusionele Taaldirekoraat, verteenwoordig deur mnr Johan Blaauw, prof Marlene Verhoef (sameroeper)

Mafikengkampus: Aangestel deur Kampusbestuur: Me Mokgadi Molope, me Eileen Pooe, Dr Sammy Thekiso

Potchefstroomkampus: Aangestel deur Kampusbestuur: Prof Wannie Carstens, dr Jako Olivier, prof Rigardt Pretorius

Vaaldriehoekkampus: Aangestel deur Kampusbestuur: Prof Susan Coetzee-Van Rooy, mnr Johannes Mahlasela, prof Thapelo Selepe

Oktober 2012

Original details: Marlene Verhoef(10064397) SHARE_2P-2.5_Language_a.docm
23 November 2012

Lêerverwysing: 2P/2.5